JOHANNES 1

Hier verander 'n paar mense se lewens,
die 1e is 1:29, Johannes die Doper, Jesus verras
Johannes die Doper.
en toe Andreas
toe Petrus
toe Filippus, en toe Natanael, **(let op die woord SIEN)**

Filippus kry toe vir Natanael, en sê:
"Ons het Hom gekry... dit is Jesus, sy ouers is van Nasaret..."
Nataniël is nie beïndruk nie, "kan daar uit Nasaret iets goed kom?" :46 Filippus sê: kom kyk self :46 Jesus SIEN vir Nataniël aankom, en Jesus sê: :47 "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie dara geen bedrog is nie" Natanael vra: :48 "Here, waarvandaan ken U my?"

Jesus antwoord, toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou gesien, nes ek Jakop gesien het, as jy nog lui lekker by LUS slaap, soos Jakob, as jy lui lekker onder 'n boom lê,
verwag dit maar, die Here sien jou, Hy ken jou daarvandaan
jou "eie tyd" ' "me time" is nou verby.

"Verder sê Jesus vir hom: "Dit verseker ek julle: Julle sal die hemel ook oop sien en julle sal die engele van God sien op en afklim na die Seun van die mens toe."

En toe is almal saam na die Bruilof in Kana. En dit was 'n "real eye opener". "Hierdie 1e wonderteken het Jesus in Kana, in Galilea, gedoen. Hy het daardeur Sy heerlikheid laat blyk, en Sy dissipels het tot geloof in Hom gekom. Wat toe 'n baie duur besluit was. Geloof in Jesus, op Sy voorwaardes...amen.

ccx

HY HET MY GESIEN

maar ek het nie geweet nie

Genesis 28
Jakob en Nataniël
Johannes 1

Moenie Jesus kies nie
dink mooi voor jy Jesus volg
op Sy voorwaardes.

Geloof gaan jou kos, jou lewe verander, het implikasies,
wat meer vra as om net kerk toe te kom
so moenie sommer vir Jesus volg nie
dalk is dit veiliger om net te glo, en daarby te bly
want om Jesus te volg, op Sy voorwaardes, kan jou kos.

hou dit net daar
solank jy net glo, en kerk toe kom.

Kom ons kyk wat gebeur as jy God raakloop
op 'n klip,
onder 'n vyeboom.

Genesis 28
Jakob , 1 van Isak se kinders
hy het so pas sy pa bedrieg
toe vat hy die pad.